

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aanstreek van die kerse

Woorddiens

Tema: "Sabbatsvrede en anders dink!"

Skriflesing: Lukas 14:1-14

Broodjies vir die pad

Jesus lived a life that was full of joy and contradictions and fights, you know? If they were to paint a picture of Jesus without contradictions, the gospels would be fake, but the contradictions are a sign of authenticity. (Paulo Coelho)



VERLOS MY TOG

Jirre nee

Ál wat hulle doen is kla

En die oë van die verminktes en die gekrenktes –

Nét daar!

Kýk, bra swaar:

Dra swáár aan gelapte verlede, leë gebede en wat nog

En dié mense preek kamma toegeneentheid

Is verslaaf aan kinderlike histerie en massale

selfgeregtigheid

Verdiend!

God se ryker genade en sy rykste seën oor hulle

So gló hulle vas

Is ons in die sondes van ons voormense vasgemessel

– die reste, die *off-cuts*, die *saves*

Daai ding van dik muise en bitter meel nè –

Goed genoeg tot op 'n punt toe en dan om "huis" toe *gevat*

en vir die honde gevoer te word

– foeitog, die arme honde darem maar

Ai Jirre Almagtig,

Vergewe dié mense

En véral vir my:

My onverdraagsaamheid teenoor hul beteweterigheid

My afguns en verwensing van hul groot karre en huise

My oordeel oor hul bedorwe kinders en uitspattigste

leefwyse

My swaar hart vol van woede en berekende wraak

Verlos my tog van hierdie duiwel

– die nyd en die afgryse

Izak Mentz

<http://www.litnet.co.za/verlos-my-tog/>



MASLOW-PIRAMIDE

Saterdag en Sondag is ons geitjies op die stoep
bak ons in die son van selfwees
knus in die driehoekspunt.

Maandag spring ons op met wekkerskok
hardloop ons soos eekhorings
op soek na neuterond.

Woensdag tot Vrydag sak ons terug in
middelmatigheid. 'n Reëlmatige
werkswyse is ons beleid.

Saterdag en Sondag is ons weer geitjies op die stoep
bak ons in die son van selfverwesenliking
knus in die driehoekspunt.

Marthé McLoud

<http://www.litnet.co.za/maslow-piramide/>



He that will believe only what he can fully comprehend must have a long head or a very short creed. (Pierre Teilhard de Chardin)

Death is acceptable only if it represents the physically necessary passage toward a union, the condition of a metamorphosis. (Pierre Teilhard de Chardin)

The most satisfying thing in life is to have been able to give a large part of one's self to others. (Pierre Teilhard de Chardin)



WAT IS DAAR HIER?

What is there here but weather?

- Wallace Stevens: "Waving Adieu, Adieu, Adieu"

Stevens se woorde het my die eerste keer in Duitsland getref ja!

het ek gedink – só

is dit niks hier behalwe

vier jaargetye en die afwesige medemens nie niks

in die weegskaal nie só

is die lewe ná die dood geborge niks behalwe

die klank van cappuccino-masjiene en Duitse

ditjies en datjies nie niks oor behalwe

skinder nie al genade is om jouself

so stadig moontlik

op te lewe,

maar dit was net

'n droom van 'n Wes-Europa voor die sondvloed

vlugteling 'n saai depressie in slowmo 20 jaar gelede 20 jaar later

terug in die onderste-Boland het almal bang geword vir die

weer

wat só verander – die vier versteurde jaargetye gaan verward verby

die verkeerde klankbaan vir die verkeerde fliek niemand
 kan meer tussen die spesiale effekte
 van globalisering, vooruitgang en verval onderskei nie die
 korrupte son brand al
 feller die seevlak styg stadig maar vinniger as die posdiens
 dog seker
 soos 'n uitsettingsbevel van God wie kan nog sê wie
 die ware plakkers
 hier tussen die berge en die see is wie
 al die brandsiek sportmotors tussen soveel voetgangers op
 die N2
 saam met soveel beskaamde hoop
 hier in en om al die Kaap se bevryde seer plekke losgelaat
 het?
 Hier brand die weer soos die mense hier vrek
 die vier seisoene ook nog een van die dae
 aan blootstelling
 terwyl 'n vet prossie argeloos 'n veldtie vang
 langs die afrit na die highway through hell en die kamma-
 seerowerseile
 van Cape Town Film Studios en my dogtertjie vra:
 "Wie se beeste loop hier, Pappa?"

Wat is daar inderdaad hier behalwe
 die verdwaalde beeste, arm en ryk plakkers
 en ek en klein Lea (7) vrolik
 op pad na die pikkewyne by die Kaapse akwarium
 saam met al die ander –
 toeriste van die laaste dae?

Danie Marais

<http://www.litnet.co.za/wat-is-daar-hier/>

Brood vir die pad

'Sien jy die regte geleentheid raak?'

Dawid Kuyler

Ek is as wit seuntjie gebore in apartheid-Suid-Afrika. My ouers was arm kleinboere naby George. Tog het die politieke bestel vir my die geleentheid gebied om 'n goeie skoolopleiding te kon kry.

Ek onthou my ouers se vermaning: Jy moet 'n geleerdheid kry.

Uit ons familie en omgewing was ek die eerste een wat universiteit toe gegaan het. Sonder dat ek dit gevra het, het die plaaslike dominee en kerkraad by ons huis opgedaag en vir my 'n beurslening aangebied wat universiteit vir my 'n moontlikheid gemaak het.

Universiteit Stellenbosch, met dosente soos proff. Willie Esterhuize, Hennie Roussouw en Christof Hanekom, het my die geleentheid gebied om anders na die Suid-Afrikaanse situasie te kyk. Op kweekskool met dosente soos Willie Jonker en Nico Smit, het nuwe geleentheid van dink oopgegaan.

My beroep in Desember 1984 na die NG Sendingkerk Koelenhof was 'n geleentheid om iets van die plaaswerkers se situasie te verstaan. Om deel te kon wees van die aanvaarding van die Belydenis van Belhar was 'n lewensveranderende geleentheid.

So kan ek voortgaan oor my lewe en al die geleentheid wat ek gehad het.

Tog is geleentheid nie so eenvoudig nie. Dit vra dat jy die geleentheid raaksien, die geleentheid omhels en die geleentheid benut.

Geleentheid vra ook opofferings. Die geleentheid het gevra dat ek in 1985 teen 'n salarispakket van R1 000 per maand, minder as dié van my NG-kollegas, moes gaan werk. Dit het gevra dat ek in konflik moes leef met my "eie mense" oor my politieke en teologiese standpunte. Dit het gevra dat ek myself teologies beter moes bekwaam en inskryf vir nagraadse kwalifikasies. Laasgenoemde het weer nuwe geleentheid geskep en het beteken dat ek vir vyf jaar by Stellenbosch kon gaan klasgee en deel kon word van studente se lewens.

In 1994 bied die kerk en die departement van korrektiewe Dienste vir my die geleentheid om kapelaan te word in die Noord-Vrystaat.

Sommige familieledes kon nie verstaan hoe ek die Kaap kon verruil vir die Noorde nie, en dit nog in die tyd van ons eerste demokratiese verkiesing. Hierdie skuif het aan my die geleentheid gebied om 'n ander Suid-Afrika (politiek en kerkklik) te ontdek en te beleef.

So het my maandelikse reis na Harrismith, Bethlehem, Heilbron, Frankfort, Sasolburg en Parys my die geleentheid gebied om met 'n rykdom van leraars van verskillende kerke en gelowe in die dorpe en townships vriende te word.

My werk sedert 2001 in die Mangaung korrektiewe dienste-sentrum het ook ander geleentheid geskep. Dit het bygedra dat ek 'n module kon skryf om 'n meestersprogram in praktiese teologie aan te bied. Die minder aangename van die geleentheid in die gevangenis was dat ek twee keer deur gevangenes aangeval en gestee is.

Tot dusver het ek gekonsentreer op werkgeleentheid, maar daar is veel meer geleentheid in die lewe. Die vrou wat deel word van jou lewe, julle kinders en nou ook ons kleinkinders, is geleentheid waarvoor 'n mens 'n boek kan skryf.

As ek so terugkyk, dan kom die rol wat geloof en jou belewenis van God gespeel het en steeds in geleentheid speel, sterk na vore. Ek kan myself nie indink dat ek die geleentheid in my lewe sou kon raaksien, daarvoor kans sien en sou kon benut het sonder God nie.

My bewuswording dat ek 'n roeping het om uit te leef, het my keuses oor geleentheid beïnvloed. Dit help my om elke dag na geleentheid te soek en dit wat ek het, te benut en om ook vir ander geleentheid te skep.

Daar is 'n spreekwoord wat sê geleentheid dra 'n oorpak, daarom loop so baie verby hom.

In Augustus wanneer ons nadink oor vroue, kan ek nie anders as om aan my ma te dink en wat sy alles opgeoffer het sodat ek geleentheid kon kry nie. My eie vrou moes dikwels opoffer sodat ek geleentheid kon benut. Dalk moet ons 'n slag net nadink oor geleentheidskeppers.

Dalk sit my lewensverhaal jou ook aan die dink oor jou eie lewe – oor jou geleentheid wat benut of onbenut is. Dalk skep vandag se rubriek die geleentheid vir jou om weer te herbesin oor die lewe en oor geloof.

* Dr. Dawid Kuyler is die skriba van die VGK se algemene sinode.

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/dawid-kuyler-sien-jy-die-regte-geleentheid-raak-20160819#>



Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
 waar daar liefde is, daar is God die Heer.

Ubi caritas, et amor

ubi caritas, Deus ibi est.